OPSIES VIR PAD VORENTOE

Opsommende weergawe van die opsies wat Moreleta Beraad van Febr. 2020 bespreek het en aan behoudende gemeentes voorsien het. Let op dat meeste van hierdie opsies die afgelope jaar reeds deur baie gemeentes verken en geïmplementeer is. Tans is die tyd ryp om verder te beplan vir opsie nr. 8 sodat amptelike alternatiewe verbande tussen behoudende gemeentes gesluit word om mekaar te ondersteun in die stryd teen groeiende steeds liberalisme binne die kerk.

- Die Algemene Sinode van 2015 en 2019 het deur sy omstrede besluite oor selfdegeslagverhoudings die NG Kerk inwendig geskeur. Met hierdie besluite het die Algemene Sinode ook die Bybelse boodskap oor die heiligheid van die gawe van die seksuele en die huwelik wat die Christelike Kerk al meer as 2 000 jaar lank leer, gruwelik vermink. Die doel van hierdie beraad is nie om die kerk verder te skeur nie, maar om saam te besin hoe om weer die ware eenheid van die kerk te herstel as eenheid in liefde en in waarheid.
- Hoewel die Beraad besef dat ware eenheid en kerkherstel nie suksesvol kan wees sonder dat die dieper oorsake daarvan aangespreek word nie, wil ons by hierdie beraad vir eers slegs fokus op die omstrede besluite wat die finale oorsaak was van die inwendige skeuring in die NG Kerk.
- Die Beraad soek nie kerkskeuring nie, maar ware Bybelse kerkeenheid in liefde en waarheid (Ef. 4:14-16).

Opsie	Implikasies	Kommentaar
1. **Aanvaar die besluite** sonder om self te toets aan Woord. Aanvaar soos gehoorsame kinders die besluite van die AS.	• Aanvaar AS se leiding en besluite • Plaas formulier vir selfdegeslag-huwelik saam met die nagmaalsformulier, ens. • Verwerp duidelike die Bybelse lering oor die huwelik en seksuele lewe • Ag besluite van kerkvergaderings hoër as die gesag van God se Woord.	• Dan doen ons presies wat NGB noem die kenmerke van die valse kerk: ons laat toe dat kerk se eie besluite hoër geag word as Woord van God (vgl NGB Art 29b).
2. **Doen niks.** Maklikste maar **mees oneerbare weg**	• Gaan voort asof alles nog dieselfde is • Vermy gesprekke daaroor • Bewaar vrede ten alle koste • Vermy alle konflik • Druk kop in die sand. Volstruispolitiek. • Soos iemand wat vir sy kinders slaapstories lees terwyl sy huis aan die brand is.	• Die slegste en gevaarlikste van al die opsies. • Dit is maklikste uitweg • Dit is papbroekige uitweg • Staan saam skuldig aan die verval en dwaling • Rekenskap gee: niks gedoen het nie
3. **Nuwe kerk** Ook skynbaar 'n maklike uitweg...	• Bedank • Nuwe naam • Nuwe Kerkorde • Nuwe kerkverband en strukture • Begin voor met skoon bladsy	• Kom neer op kerkskeuring • In gemeentes van Korinthe en Galasië was gruwelike dwalings maar Paulus het nie aanbeveel om ander kerk te stig nie, maar kerk te suiwer. • Verloor alle vaste en roerende bates. (Bv. by NGK De Deur) • Probleem is nie die NG Kerk nie, maar huidige funksionering van die sinodale vergaderings en liberale teoloë. • Spook trek saam
4. **Word 'n Breker** Sluit aan by die koor wat NG Kerk orals probeer beledig en afbreek	• Daar is groterwordende koor wat glo hulle die Here dien as hulle die NG Kerk orals afkraak. • Hulle sien slegs die negatiewe dinge en vergeet dat dit die Here se kerk is en van	• Teen-produktief. Meer afbreek in Koninkryk van God as opbou • Word geestelik hoogmoedig • Vergeet van die balk in eie oog.

	Sy seën op baie terreine • Hierdie koor is binne en buite die kerk	Eie eer belangriker as eer v God • Ons verwerp nie NG Kerk nie, maar kerkvergaderings wat nie buig voor gesag van Woord. • Ons aanvaar nie liberale teoloë as wettige verteenwoordigers van NG Kerk nie.
5. **Doleer** Soos die Doleansie in 1880-86 in Nederlandse geref. kerke.	• Treur oor toestand in die kerk. Dit kan baie vorme aanneem • Bly in NG Kerk, maar onttrek deelname aan sekere vergaderings ens. veral die wat deur liberale leraars gelei word... • Weerhou dankoffer bydraes vir sinodale werk • Daar is geen Kerkordelike riglyne vir doleansie nie. • Vorm van protes.. met oog op reformasie	• Dit is 'n tydelike maatreël om die sinode te dwing om besluite te wysig of probleme aan te spreek • Resultaat dikwels kerkskeuring .. nie reformasie nie. • Ons kerkorde laat geen ruimte vir die optrede nie • Dit is 'n negatiewe optrede • Dit kan kerk dwing tot optrede, maar nie uit innerlike oortuiging nie.
6. **Verklaar leergeskil** Dit behoort tot uitdrukking te kom in 'n gravamen na die Algemene Sinode. **KO Art 44.4 en 44.5 asook Regl. 19.1.1.3**	• Goudland het hierdie opsie gekies • Kan saamgaan met dolering • Dwing sinode om Skriftuurlike motiverings te gee. • Dwing ganse NG Kerk om te reageer.. antwoord... • Kerkordelike steun: KO Art 44.4 en 44.5 en Regl 19.1.1.3 • *44.4 Sake in verband met leertug, leergeskille of geskille tussen sinodes en mindere vergaderinge kan by wyse van appèl voor die Algemene Sinode dien. In gevalle van leertug en leergeskille word 'n tweederdemeerderheidsbesluit vir die bekragtiging van die uitspraak van die Algemene Sinode vereis (vergelyk Artikel 65.2 van die Kerkorde).* • *44.5 Indien 'n tweederdemeerderheid nie verkry word nie, mag enige van die partye 'n verdere beroep op die afsonderlike sinodes doen. Die gesamentlike volstrekte meerderheid van stemme van die afsonderlike sinodes is dan beslissend.*	• Probleem is tyd... Dit kan eers by 'n volgende sinode dien... • As kerk begin gayhuwelike bevestig is omdraai byna onmoontlik
7. **Bande met AS losmaak.** Dit bly een van die beste opsies... amper by Goudland geslaag as dit nie was vir valse inligting en bangmaak	• KO Art 37 37. Dié artikel lui: "*Dit staan die samestellende kerke vry om met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, ensovoorts, uit die algemene sinodale verband te tree wanneer hulle so 'n stap voor God in die lig van sy Woord kan regverdig.*"	• Waarskynlik heel beste pad • Breek nie met NG Kerk nie • Breek slegs met AS band • Kan dadelik nuwe verband begin met ander sinodes • Behou alle vaste en roerende Bates

stories nie.	• **Probleem:** • Slegs sinodes kan hierdie besluit neem • Bly NG Kerk, maar nie meer gebind aan besluite van As nie... • Dus in daardie NG Kerk word dit nie gedoen nie. • Kerkorde laat dit toe • Beraad kan wel sinodes nog vergader ondersteun met betroubare inligting.	• Byna geen ontwrigting vir gemeentes nie • Gaan voort normale werk • Waar sinodes by AS bly kan gemeentes aansoek doen om sinodes wat losgemaak het in te skakel. • Natuurlik kos dit 'n prys, maar christen-wees kos altyd 'n prys.
8. **Nuwe samewerking strukture** tussen gemeentes, Ringe, Sinodes wat die Skrif selfde verstaan met oog op reformasie Na analogie van Tussen-Orde Artikel 71 van KO Ons soek ware eenheid in leer en belydenis	• Vorm nuwe strukture met ander kerke binne en buite NG kerkverband. • Tussen-Orde skep moontlik ruimte vir sulke nuwe kerkvergaderings • Kan voorbereidend wees tot oorgang na herstel van eenheid van binne NG Kerk • Gemeentes wat teologiese geesgenote is rondom verstaan van Skrif en Belydenis, vorm nuwe samewerking strukture	• Hierdie is daadwerklike oproep tot reformasie • Nuwe basis vir eenheid word daargestel • NG Kerk word nie gekonstitueer deur besluite van AS nie, maar deur een in leer en belydenis. • Hierdie Tussen-Orde kan gelyktydig met opsie van dolering of van kerklike dispuut verloop
9. **Regsaksies** Vra die burgerlike hof om 2019 se besluite ongeldig te verklaar. Vgl. KO Art 23.2	• Die 2019 besluite word nietig verklaar • Dit plaas ons terug by besluite van 2007	• Baie duur: Die 2015 besluite het NG Kerk miljoene rande gekos. • Daar is tans goeie gronde om die nuwe besluit van AS 2019 ook ongeldig te verklaar weens blatante kerkordelike ongerymdhede. • Vorige keer is daarin geslaag om op kerklike wyse die Algemene Sinode se besluite nietig te verklaar (2015 deur die appèl en 2015 deur gravamina na 2019 sinode). • Dit is nie die wyse waarop ons geskille in die kerk wil besleg nie.